

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



NOVEMBER
2016

Hou reënval rekords om risiko te verminder

Graan SA tydskrif vir ontwikkelende boere

Lees Binne:



Daar is altyd hoop en belofte vir reën.
(Foto geneem deur Johan Kriel)

En van die eerste gedagtes in 'n boer se kop aan die begin van 'n nuwe dag op die plaas is wat die weer van dag gaan bring. Baie jare gelede het boere staatgemaak op algemene weerberigte die vorige aand en dan ander tekens soos die heersende "reënwind" in jou boerderystreek en of die Suidooste wind in die Kaap waai, al dan nie.

Met baie weersatelliete wat deesdae bo ons gepositioneer is, is daar baie inligting en data beskikbaar van reën wat in die verlede gevallen het, huidiglik val en weerpatrone wat voorspel word. Landswyd is streeks- en distrik reënvalrekords maklik toeganklik via die internet, so ook voorspellings vir reën op 'n distrikvlak vir weke vooruit. Slimfone kan gebruik word om toegang tot voorspellings te verkry, of geprogrammeer word om jou op 'n daagliks basis boodskappe te gee met betrekking tot die huidige reënvalvoorspellings.

Reënval wat ontvang is, bewaring en om-sigtige gebruik van hierdie vog, is een van die belangrikste faktore wat die finansiële sukses of mislukking van jou boerdery beïnvloed.

Die akkuraatheid van die voorspellings het baie verbeter oor die jare. Dit is egter moontlik dat die voorspellings nie akkuraat is vir die spesifieke ligging van jou plaas of plase nie. Die mikro topografie in jou streek kan ook 'n invloed hê of 'n spesifieke plaas in 'n reënval area val, of nie.

Langtermyn rekords van die werklike reënval wat op elke plaas ontvang is en die verskillende mikroklimate daarop en op verskillende grondtipes, is belangrik. Hierdie data sal die boer, of 'n bestuurspan in staat stel om

04 | Wees eties en staan uit

07 | Bestuur die goeie jare goed

08 | Graan SA gesels met...
Thulani Mbele





OUMA JANE SÊ...

Julle as boere het 'n baie moeilike jaar beleef – dit is weer planttyd en ons hoop regtig dat hierdie jaar 'n jaar van normale reënval en goeie oeste sal wees. Indien jy aanhou om hard te werk en die regte ding te doen, sal jy wanneer die reëns kom, in 'n posisie wees om voordeel te trek uit die seisoen. Onthou altyd om die regte ding te doen op die regte tyd en jy sal voordeel geniet.

Die meeste produksie insette vir die "Jobs Fund Project" is gedurende Oktober afgelêwer – ons was besonder haastig om die kalk af te lever sodat boere dit betyds kon strooi. Elke boer moet een ton kalk na sy/haar lande toe vat. Dit is swaar en baie uitputtend – die belangrikheid van kalk vir lande met 'n lae pH kan egter nie genoeg beklemtoon word nie – die gewas kan nie toegang tot enige kunsmis verkry indien lande te suur is nie. Kennis van die pH van jou lande is baie belangrik vir jou sukses as 'n gewas boer.

Ongelukkig, as gevolg van die droogte, is daar baie boere wat nie in staat was om hulle produksielenia van die vorige seisoen af te betaal nie. Die finansiële instansies verstaan dit en waar moontlik, is hulle gewillig om weer te help. Dit is egter belangrik dat jy oop kaarte speel met jou finansierders – moet nooit probeer om enige inkomste weg te steek nie en moet nooit op iemand anders se naam lever nie. Ons weet dat jy somtyds desperaat is vir geld, maar om oneerlik te wees, is nie die pad om te loop indien jy beplan om 'n boer te wees nie. Jy moet altyd jou hele oes en al jou inkomste aan jou finansierders openbaar – hulle sal gewillig wees om by jou te staan indien hulle voel dat jy eerlik was. Indien hulle jou eerlikheid en integriteit in twyfel trek, sal hulle nie die pad saam met jou stap nie en jy sal in groot moeilikheid beland.

Indien jy binne hierdie seisoen teruggaan daarna om die basiese dinge reg te doen – onthou om jou lande voor te berei en moet nie onkruid toelaat om met jou gewas te kompeteer nie; plant die regte kultivar teen die regte plantestand vir jou area; gebruik die regte kunsmis teen die regte toedienings hoeveelheid – as jy al hierdie dinge doen, sal jy 'n goeie kans staan om 'n goeie oes te behaal. Ons vind dat sommige boere probeer om die insette op 'n groter gedeelte van 'n land te gebruik – dit is beter om 'n kleiner area aan te plant en dit regtig goed te doen as om 'n groter area aan te plant en af te skeep met insette. Daar is optimale hoeveelhede vir alles.

Indien jy ongelukkig is en gebruik moet maak van kontrakteurs – sal dit baie help as jy teenwoordig is terwyl hulle werk, sodat jy seker kan maak dat hulle reg werk. Dit is baie duur om kontrakteurs te gebruik en jy moet aandring daarop dat jy waarde vir jou geld kry.

Sterkte vir hierdie seisoen – ons sal aanhou bid vir reën!

Hou reënval rekords om risiko te verminder

Tabel 1: 'n Tipiese reënval datablad.

Dag van die maand	Jan	Feb	Maart	April	Mei	Junie	Julie
1							
2							
3							
4							
5							
6							
7							
8							
9							
10							
11							
12							
13							
14							
15							
16							
17							
18							
19							
20							
21							
22							
23							
24							
25							
26							
27							
28							
29							
30							

- Skryf reënval elke dag op dieselfde tyd neer
- Skryf neer tot op die naaste 1/100ste of 0,01
- As neerslag minder as 0,01 is, skryf neer "0" vir tikkie
- As die neerslag sneeu of ysreën is, smelt dié wat in die reënmeter gevall het en skryf neer as vloeistof
- Gebruik die kolom vir opmerkings om enige ongewone of hewige weersomstandighede neer te skryf

gedetailleerde en meer akkurate produksiebeplanning en risikobepaling in sy boerdery uit te voer.

Rekordhouding van jou reënval

Die toerusting om te begin, kan wissel van die geredelik beskikbare spits gevormde plastiek meeteenheid met houer, of nog beter, die ouer metaalhouers met 'n glasbeker binne, tot 'n volwaardige digitale weerstasie. 'n Mens kan die plastiek tipe op 'n paal by elke bepaalde plek op die plaas oopstel. Die plastiek tipes verweer egter vinnig en kan bros word en kraak gedurende die koue wintermaande.

'n Beter opsie is om 'n klein staalkabinet te maak met reënmetters aangeheg, of saam gemonteer met 'n hoë lae termometer en plek vir die aantekeningsblad of boek, plus permanente pen, wat beskerm is teen die reën. Dit is dus baie gerieflik wanneer jy die rondte doen na enige reën geval het, om die reënval en temperatuur aan te teken sodat jy dit bymekaar kan tel aan die einde van die maand. Die temperatuur data kan gebruik word om die werklike hitte-eenhede wat in 'n bepaalde jaar ervaar is, in vergelyking met die werklike opbrengs gerealiseer, te bereken.

Die boer kan 'n rekordboek hou met daagliks notas wat storm sterkte aandui, byvoorbeeld vir 'n skielike donderstorm of algemene reëntoestande, hael ervaar en enige ander relevante waarnemings. Hierdie resultate kan dan getabuleer word op 'n ander blad onder maande vir die jaar en in vergelyking met jou plaaslike weerstasie, of vorige plaasrekords. Indien jy 'n plaas van 'n uittredende boer koop, of lande huur, is dit raadsaam om te vra vir enige ou reënvalrekords, sodat vergelykings ge-

maak kan word met die reënvalpatrone wat jy sal ervaar. Hierdie rekords kan oorgedra word na blaaiet met verskeie grafiese wat geskep word om vergelykings met vorige jare, langtermyn gemiddeldes, of nasionale langtermyn reënval data aan te dui. Die moontlikhede vir die ontleding van die data is eindeloos.

Gebruik die inligting

Die reënval data wat versamel is oor 'n lang tyd raak meer waardevol as die data geurende 'n enkele jaar. Terugskouend is dit altyd 'n presiese wetenskap en dit is altyd die reënval wat in die komende seisoen sal realiseer wat belangrik is. Reënvalpatrone kan wissel, soos verlede jaar ervaar is, met 'n paar plase binne 'n kort afstand van ander wat byna dubbel die reën ontvang het.

Die data kan op baie maniere gebruik word vir droëland, asook besproeiingsboere. Die langtermyn patrone kan gebruik word om oor die algemeen die reënval afloop wat in jou plaasdam of rivierstelsel opgevang kan word, te voorspel. Vol damme impliseer dat enige besproeiingsontwikkeling ten volle benut kan word in die komende somer of winter seisoen. Meer akkurate voorspellings en berekeninge kan gemaak word met betrekking tot die netto waterverbruik wat vereis word van damme vir aanvullende of volle besproeiing.

Ekstensiewe veeboere op natuurlike of aangeplante weiding, of besproeide weiding, kan die langtermyn inligting gebruik om watertoe diening en die verwante tonnemaat weiding wat verwag kan word vir voervloei program ontleding, te beplan.

Hierdie jaar het die Oos-Vrystaat meer as 125 mm gehad gedurende Mei, Junie en Julie. Droëland boere kan profielgate doen om met hul

Rekordhouding en die kennis van langtermyn reënvalpatrone in verskillende gebiede of lande op jou plaas, kan help met die bepaling van die lewensvatbaarheid van kontantverbouing of ander ondernemings in die toekoms.



bewerkingsmetodes vas te stel hoeveel vog behoue gebly het in die grond. In hierdie gebiede kan boere, met behulp van optimale bewerkingsmetodes, of dit nou bewaringsbewerking is of nie, beplan om in staat te wees om te plant met minimum reënval benodig voor plant. Hierdie kennis kan die stres wat betrokke is by die beplanning en voorspelling van inkomste vir die 2016/2017 produksiejaar, verlig.

Samevatting

Rekordhouding en die kennis van langtermyn reënvalpatrone in verskillende gebiede of lande op jou plaas, kan help met die bepaling van die lewensvatbaarheid van kontantverbouing of ander ondernemings in die toekoms. Kennis van die feite kan jou boerderyrisiko verminder. Sterkte vir die komende boerderyseisoen.

Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.

Wees eties en staan uit

Daar is 7 dinge wat ons sal vernietig:

Rykdom sonder werk;
Plesier sonder gewete;
Kennis sonder karakter;
Geloof sonder opoffering;
Politiek sonder beginsel;
Wetenskap sonder menslikheid; en
Besigheid sonder etiek!

– Mahatma Gandhi

Karakter is nie dieselfde as reputasie nie. Karakter is wie jy is. Reputasie is wat mense sê jy is.
– Josephson

n Studie wat deur studente by die Iowa State University oor etiek in die landbou in 2002 gedoen is, was uiters onthullend. Hulle het bevind dat etiese standaarde in die landbousektor, insluitend koöperasies, agri-besighede en boere, afge-neem het.

Dit raak saketransaksies, verkope aansporings, prysbeleid, mense wat kortpaaie vat en oë toemaak vir onwettige praktyke. Mense vat kans met alles, van nie-betaling van hul belasting, tot nienakoming van hulle lenings se terugbetaling. Boere het oor die volgende saamgestem: "Op 'n stadium was 'n persoon se woord so goed soos 'n getekende kontrak; nou moet jy alles op skrif kry!"

Daar is 'n algemene afname in verantwoordelikhede. Die antwoord op die vraag: "Waarom het etiese standaarde afgeneem?" was as volg:

- Boere en landbou-ondernemings is onder geweldige druk om 'n wins te toon;
- Die sektor het te veel ongesonde kompetisie; en
- Moeilike ekonomiese tye op die plaas het bygedra tot 'n afname in etiese standaarde.

Wat is 'etiek'?

Etiek is in wese waardes of morele oordeel oor wat reg en wat verkeerd is – en dan doen wat reg is! Besigheidsetiek word besluit en geformuleer deur die direksie/eienaar van die besigheid, of die boer.

Etiek moet elke besluit en elke optrede van die besigheid lei. Hulle staan nie in isolasie nie, maar word eerder gevorm met dien verstande dat die besigheid funksioneer binne 'n breër gemeenskap. Alhoewel elke individu 'n keuse oor etiek het, is dit in werklikheid die samelewing wat ons vertel wat goed en sleg en reg en verkeerd is deur sekere gedrag te beloon, of te straf.

Etiek weerspieël 'n verstandhouding dat elke sake-eienaar 'n sosiale verantwoordelikheid het teenoor: 1) die mense wat vir hom werk, 2) mense met wie hy besigheidskontrakte sluit; en 3) om sy besigheid te bedryf op 'n omgewingsvriendelike wyse wat respek het vir die ekostelsel!

Etiek beskryf karakter

'n Etiese kode spesifiseer die reëls vir die uitvoer van besigheid. Jy sit dit in plek en het 'n verantwoordelikheid om dit uit te leef en dit met jou span, familie en werknemers te bespreek. In 'n groot sake-omgewing sal etiek bespreek word onder 'n onderwerp soos 'Beleid en procedures,' maar dit gebeur nie dikwels in 'n plaas-omgewing nie, dit is dus jou as die plaaseienaar of bestuurder se verantwoordelikheid om te praat oor etiese gedrag en goeie sakepraktyke. Aandag aan etiek in die werkplek lig jou span en sakevennote in hoe hulle moet en nie moet optree nie.


Indien jy jouself al gehelp het op 'n manier dat jy voordeel getrek deur onderduimse, bedrieglike of onregverdigte praktyke, kan jy seker wees dat jou werknemers nie twee keer sal dink voordat hulle dieselfde aan julle doen nie! Byvoorbeeld: As jy plaasdiesel in jou privaat

Wie jy môre is,
begin met wat
jy vandag doen!

Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

*It is no use saying: 'We are doing our best.'
You have got to succeed in doing what is necessary.*

~ Winston Churchill



“ ’n Man sonder waardes is soos ’n wilde perd wat losgelaat word!

voertuig wat jy ry vir persoonlike sake gooi en dan ‘n eis insit vir daardie diesel asof dit vir boerderydoeleindes was, is dit oneerlik en steel jy van die staatskas. Of, indien jy sakke mielies wat jy aan ‘n meule lewer wat 75 kg sakke koop en jy jou werkers opdrag gee om hulle vol te maak tot 71 kg elk en hulle by die meule aanbied as 75 kg sakke mielies, lieg en bedrieg jy die meulenaar – en die werknemers, met die wete dat jy dit doen, sal dieselfde ievers langs die pad aan jou doen!

Etiese gedrag kan aansienlike voordele aan ‘n besigheid bring

Wanneer ‘n besigheid ‘n reputasie het dat hulle sake eties doen, verdien hulle guns van potensiële vennote. In die boerdery-omgewing kan dit wees met insetverskaffers, finansiële ondersteuningsdienste of selfs handelaars wat meer gunstig sal kyk daarna om sake met jou te doen.

Dit is ook bewys dat ‘n besigheid wat goed bestuur word en etiese sake doen, gelukkige werknemers skep, dus verminder arbeidsomset en produktiwiteit verhoog. Die ander kant van die munt is dat enige onetiese gedrag ‘n besigheid ‘n swak reputasie gee en die reputasie van die boer beskadig. Dit sal lei tot verslegtende verhoudings met belanghebbendes en sakevennote en ‘n verlies aan winsgewendheid oor die langtermyn.

Etiek in jou boerdery

Om jou etiese praktekte toets, vra jouself die volgende vyf vroe:

1. Kan ek of enigiemand anders skade ly as gevolg van my besluit of optrede/s?
2. Kan my besluit of optrede/s emosionele pyn veroorsaak?
3. Kan my besluit/aksies my reputasie benadeel, my geloofwaardigheid ondermyn, of belangrike verhoudings beskadig?
4. Kan die besluit/handeling die bereiking van my doelwitte verhoed?
5. Hoe voel ek oor my optrede/besluit wanneer ek kyk na die ‘man in die spieël’?

Die Man in die Spieël gedig

Wanneer jy kry wat jy wil in jou stryd vir jouself en die wêreld maak jou koning vir ‘n dag, gaan net

na die spieël en kyk na jouself en sien wat daar die man te sê het. Want dit is nie jou vader of moeder of vrou wie se oordeel jy moet slaag nie.

Die man wie se uitspraak die meeste in jou lewe tel, is die een wat na jou staar uit die spieël. Hy is die een wat jy tevreden moet stel – ongeag die res, want hy is saam met jou tot aan die einde...en jy het jou moeilikste, gevaaalikste toets geslaag – indien die man in die spieël jou vriend is!

Jy kan die hele wêreld flous jou hele lewe lank en ‘n klop op jou skouer kry, maar jou finale beloning sal hartseer en trane wees – indien jy die man in die spieël verkuil het!

Etiek is dikwels in plek wanneer dit goed gaan met ‘n besigheid, maar die eerste om te verdwyn gedurende tye van stres. Onthou dat wanneer jy geleef het volgens ‘n hoë standaard van etiese gedrag in jou persoonlike lewe en in jou saketransaksies, sal jy beter in staat wees om met jouself te leef – en jy sal uitstaan onder die mense!

**Artikel verskaf deur Jenny Mathews,
Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting,
stuur ‘n e-pos na jenjonmat@gmail.com.**

Voor-opkoms onkruiddoders bly BELANGRIK

Lente het aangebreek in Suid-Afrika. Ons hoop dat die reën hierdie jaar sal kom met die somermaande wat voorlê en dat ons die droogte agter ons kan sit. Een ding waarvan ons seker kan wees, is dat wanneer die reën kom, die onkruid gou sal volg.

Onkruid, ons nommer een vyand, sal gerede wees en wag om sterker as ooit na vore te kom. As boere moet ons vooruit dink en gerede wees vir hierdie gebeurtenis, met 'n plan van aksie om ons vyand die onkruid, te bestry. In hierdie artikel sal ek die belangrikheid van onkruidbeheer voordat hulle opkom en voordat hulle voluit groei, skets.

Wat is 'n voor-opkoms onkruiddoder?

'n Voor-opkoms onkruiddoder is 'n chemikalië wat toegedien word op 'n land met behulp van 'n spuit wat deur 'n trekker getrek word, of deur 'n vliegtuig. Die doel van voor-opkoms chemikalië is om die ontkieming en opkoms van onkruid wat dormant is en nog besig is om te ontkiem, te beheer. Hulle doen dit deur ensimatiese prosesse in die onkruid se biologiese ontkiemingstypiek te inhibeer. Indien die onkruid nie ontkiem nie, sal hulle nie in staat wees om sonlig te absorbeer nie en sal dus nie in staat wees om te groei nie.

Jou eerste stap in die beplanning van 'n spuitprogram is om te besluit watter gewas jy waar sal plant. Onthou dat elke gewas anders is en anders behandel moet word. Voor die plantseisoen moet 'n mens 'n chemiese verteenwoordiger met kennis oor die verskillende onkruiddoders wat in die mark beskikbaar is, raadpleeg. Hulle sal die verskillende funksies van die chemikalië en die beste metodes van toediening verduidelik. Verskillende onkruiddoders beheer verskillende onkruid en daarom moet ons vir elke verskillende gewas wat ons beplan om te plant, 'n unieke spuitprogram skep.

Sommige chemikalië is spesifiek ontwikkel om breëblaar onkruid te beheer, sommige is spesifiek ontwikkel om grasse te beheer en 'n paar is ontwikkel om 'n mengsel van breëblare en grasse te beheer. Daarom is dit uiters belangrik om te weet watter onkruid die chemikalië wat jy gekoop het, ontwerp is om dood te maak. As ons van plan is om sonneblom te plant, kan ons nie 'n voor-opkoms onkruiddoder gebruik wat breëblare beheer nie, omdat ons sonneblom ook nie sal opkom nie. Alternatiewelik, as ons van plan is om mielies te plant, kan ons nie 'n voor-opkoms onkruiddoder gebruik wat ontwerp is om grasse te beheer nie. Daar is egter sekere

uitsonderings wanneer dit kom by die gebruik van geneties gemodifiseerde saad. Sommige kultivars is ontwikkel om sekere stamme van chemikalië te weerstaan om onkruidbeheer te verbeter. Dit is waarom dit baie belangrik is om te konsulteer met kundiges op die gebied van saad en chemikalië, voordat jy besluit wat om te plant en wat om te spuit op die gewas wat jy plant.

Wanneer jy voor-opkoms onkruiddoders spuit, is dit belangrik om die chemikalië toe te dien voordat die onkruid ontkiem, dus is tydsberekening alles wanneer dit kom by die doeltreffendheid van hierdie vorm van onkruidbeheer. Dit is ook noodsaaklik dat die klimaatsstoestande bevorderlik is in die ondersteuning van die opname van die chemikalië.

Wanneer is die regte tyd en watter klimaatstoestande is gunstig?

Die tydsberekening van die toediening van voor-opkoms onkruiddoders hang af van die bewer kingsprakteke wat jy op jou plaas toepas.

Indien jy konvensionele bewerking beoefen, sal jy jou onkruiddoder toedien kort na die lande bewerk is, sodat die onkruidsade nie 'n kans kry om te ontkiem nie. By die gebruik van geen-bewerking prakteke sou 'n mens eerstens die land spuit met 'n onkruiddoder wat alles doodmaak. Dit sal alle onkruide wat opkom, doodmaak. 'n Mens moet dan opvolg met 'n voor-opkoms onkruiddoder wat meer onkruid wat wil ontkiem, inhibeer.

Vir beide hierdie prakteke moet 'n mens probeer om die bespuiting uit te voer wanneer daar 'n effense motreën of clam weerstoestande is, want dit sal jou help om die chemikalië te absorbeer en te bind in die grond waar die dormante onkruidsaad lê, om dus voor siening te maak vir die beste resultate.

Met onkruid as ons nommer een vyand, moet ons alles wat ons kan doen om hulle te beheer tydens die groeiseisoen. Sonder beheeronkruid, het ons die risiko van laer opbrengste en verder vererger ons die onkruidprobleem in ons lande deur die vul van die saadbank in ons grond. Voor-opkoms onkruiddoders is net een van die middele tot ons beskikking in die oorlog teen onkruid. ☀

**Artikel verskaf deur Gavin Mathews,
Baccalaureus in Omgewingsbestuur. Vir meer
inligting, stuur 'n e-pos na gavmat@gmail.com.**



Dien voor-opkoms onkruiddoders toe voordat onkruid ontkiem. (Foto geneem deur Johan Kriel)



Mielies groei goed indien hulle onkruidvry is. (Foto geneem deur Johan Kriel)



Die belofte van die oes is daar, die boer moet die onkruid beheer. (Foto geneem deur Johan Kriel)

Bestuur die goeie jare goed

In 'n aantal van ons vorige artikels het ons gesê dat Suid-Afrika eintlik 'n droë land is, met 'n algehele gemiddelde reënval van plus minus 495 mm per jaar.

Ons het ook tot die gevolgtrekking gekom dat droogtes deel is van ons Suid-Afrikaanse landbouomgewing. Daarom is dit absoluut noodsaaklik dat ons moet boer terwyl ons in gedagte hou dat ons weer droogte sal beleef. Dit is beter om voorbereid te wees op droogte, as om onvoorbereid te wees.

Of die bestaande droogte sal voortduur en of ons 'n meer gematigde somerseisoen sal beleef, is nog nie heeltemal duidelik nie en verslae op hierdie tydstip is 'n bietjie weerspreekend. Dit is egter 'n feit dat die droogte op 'n stadium gebreek sal word, maar ons moet aanvaar dat die volgende droogte reeds oppad is. Wanneer dit sal gebeur, weet ons nie. Of dit binne 'n jaar of twee, of binne 'n paar jaar gaan wees, ons moet onsself voorberei daarvoor.

Om jou besigheid goed te bestuur, moet die bestuur van alle areas – produksie, bemerkings, aankope, administratief, menslike hulpbronne, openbare betrekkinge, bates en voorraad, algemene en finansiële bestuur, baie goed wees.

Uit al die areas van bestuur, is finansiële bestuur die belangrikste een, met betrekking daartoe om jou gereed te maak vir die volgende droogte. Om die uitdagings van die steeds veranderende sake-omgewing in die gesig te staar, moet die moderne boer, groot of klein, 'n kampioenprodusent wees, maar ook 'n uitstekende finansiële bestuurder. In hierdie verband is dit bevind dat swak finansiële bestuur en besluitneming die belangrikste oorsaak is vir sowat 80% van die boere wat hul pase verloor en nie swak produksie boerderyomstandighede nie.

Wanneer finansiële bestuur ter sprake kom, moet 'n mens die eenvoudige formule onthou: **Wins = Inkomste - Uitgawe (W = I - U)**. 'n Mens moet in die eerste plek jou uitgawes baie goed bestuur en verminder so ver as moontlik, sonder om jou besigheid te belemmer. Onthou jy kan net jou koste bestuur as jy jou besigheid bestuur volgens 'n omvattende begroting. Tweedens moet jy jou inkomste verbeter om jou wins te verbeter.

Finansiële besluite wat gedurende die goeie jare geneem is, sal jou posisie in die swak jare bepaal. Daarom moet 'n mens eerder jou skuld in die goeie jare verminder met die bykomende wins wat gemaak word. Oorweeg ook om eerder bykomende wins te gebruik om jou hulpbronne te bewaar, soos die toepassing



Die finansiële besluite wat gedurende goeie jare geneem word, sal jou posisie in die slechte jare bepaal. (Foto geneem deur Jurie Mentz)

van behoorlike bewaringsboerdery metodes om die vrugbaarheid van jou grond te bewaar en te verbeter, om grondvog te bewaar, om die kwaliteit van jou weiding te bewaar en te verbeter, of om 'n voerbank op te bou. Belê eerder gedurende die goeie jare enige surplusfondse in produktiewe bates – bates wat inkomste kan genereer – as nie-produktiewe bates.

Ons Suid-Afrikaanse boere is hoofsaaklik afhanklik van hulself vir oorlewing, met baie min ondersteuning van die regering. Daarom is jou finansiële bestuur van die uiterste belang in goeie en moeilike jare. Jy moet gefokus bly op jou boerdery deur te bestuur as 'n ervare sakebestuurder en sorgvuldig en deeglik deurdagte finansiële besluite neem. Dit beteken dan dat jy die nodige finansiële inligting beskikbaar moet hê wat 'n omvattende begroting kan rugsteun.

Om verbeterde finansiële bestuur toe te pas, moet die boer eienaarskap neem vir alles wat op die plaas gebeur. Die boer moet die volle verantwoordelikheid neem en integriteit behou teenoor homself en alle ander partye wat betrokke is by die besigheid. 'n Realistiese stap in hierdie verband is byvoorbeeld om jou kredietwaardigheid met jou finansierders tydens die goeie jare te verbeter. Die gevolg sal wees dat hulle meer toegeeflik teenoor jou sal wees gedurende die moeilike tye – hulle ken jou as 'n man van jou woord.

Hou 'n oog op jou kontantvloei en bestuur dit volgens 'n kontantvloei begroting. Kyk gereeld na die winsgewendheid van jou onderneming. Oorweeg geleenthede vir waardetoevoeging. Wees ook baie bewus van jou persoonlike koste gedurende die goeie tye en bestuur dit volgens 'n persoonlike begroting.

Interessant, as jy hierdie artikel ontleed, sal jy vind dat ons verwys na 'n aantal aspekte wat ons in meer detail reeds in vorige artikels gehad het. Hierdie artikel is 'n bietjie van 'n opsomming van 'n aantal van die vorige artikels. Dit dui ook weer aan dat finansiële bestuur nie net die skakel tussen alle aspekte van die boerdery is nie, dit 'olie die wiele' wat veroorsaak dat die besigheid meer doeltreffend funksioneer. Sonder kapitaal om te voldoen aan die kort-, medium- en langtermynbehoeftes van die besigheid, sal alles tot stilstand kom.

Daarom moet jy topklas bestuur en veral finansiële bestuur gedurende die goeie jare toepas en jy sal die moeilike jare makliker oorleef. Of, bestuur die goeie jare as moeilike jare en jy sal vind dat die werklike moeilike jare dan nie so moeilik sal wees nie.

**Artikel verskaf deur Marius Greyling,
Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na mariusg@mccacc.co.za.**

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324
Collinsstraat 7, Arboretum
Bloemfontein
► 08600 47246
► Faks: 051 430 7574 ► www.grainsa.co.za

HOOFREDAKTEUR

Jane McPherson

► 082 854 7171 ► jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel

► 084 264 1422 ► liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks

► 018 468 2716 ► www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,

Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Johan Kriel

Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ► johank@grainsa.co.za
► Kantoor: 051 924 1099 ► Dimakatso Nyambobe

Jerry Mthombobothi

Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ► jerry@grainsa.co.za
► Kantoor: 013 755 4575 ► Nonhlanhla Sithole

Jurie Mentz

Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 082 354 5749 ► jurie@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 907 5040 ► Sydwell Nkosi

Graeme Engelbrecht

KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 084 582 1697 ► graeme@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 907 5040 ► Sydwell Nkosi

Ian Househam

Oos-Kaap (Kokstad)
► 078 791 1004 ► ian@grainsa.co.za
► Kantoor: 039 727 5749 ► Luthando Diko

Liana Stroebel

Wes-Kaap (Paarl)
► 084 264 1422 ► liana@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8057 ► Hailey Ehrenreich

Du Toit van der Westhuizen

Noordwes (Lichtenburg)
► 082 877 6749 ► dutoit@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8038 ► Lebo Mogatlanyane

Julius Motsoeneng

Noordwes (Taung)
► 076 182 7889 ► julius@grainsa.co.za

Sinelizwi Fakade

Mthatha
► 071 519 4192 ► sinelizwifakade@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8077 ► Cwayita Mpotyi

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.



Graan SA gesels met... Thulani Mbele

In 1995/1996 was opleiding baie skaars en dit het hom gedwing om terug te gaan Landbou Kollege toe om landbou te gaan studeer. Dit het hom drie jaar geneem om sy Nasionale Diploma in Landbou te voltooi.

Thulani het teruggekeer plaas toe, gefokus en voorbereid om 'n sukses daarvan te maak. Hy was gelukkig om ander rolspelers soos Graan SA te ontmoet, waar hy kort kursusse soos Trekker Instandhouding, Sweis, verskillende Gewasproduksie kursusse, asook Kalibrasie van Planters en Spuite bygewoon het. Die opleiding waarna hy uitsien, is verwant aan waardetoevoeging, verpakking en om Globale markte te verstaan.

Opleiding is baie belangrik om optimum opbrengste te behaal. Dit help om op baie wyses kostes te minimaliseer en wins te maksimaliseer. Opleiding het baie bygedra tot Thulani se vordering en sukses. Toe hy sy pa gehelp het in die kommunale gebied, het hy vir gebruik geproduseer en 'n klein oorskot is verkoop. Nadat hy na sy plaas toe getrek het, het hy begin om 3 t/ha mielies droëland te produseer. Met die nuutste tegnologie vandag, is hulle in staat om 5 t/ha tot 6 t/ha droëland mielies te produseer.

Thulani werk van nou aan uitbreiding. Sy plaas is ten volle tot sy maksimum kapasiteit benut, maar sonder om die natuurlike hulpbronne prys te gee. Hulle sal graag nog 'n groter plaas wil bekom om uit te brei.

Die liefde vir boerdery gee hom krag en hy sien uitdagings as geleenthede om nuwe maniere te vind. Dit maak hom opgewonde om nuwe metodes te probeer en verandering en die verskil te monitor.

Die raad wat Thulani aan jong boere het, is om jou drome na te jaag, fokus, fokus en moet nooit opgee nie.

**Artikel verskaf deur Graeme Engelbrecht,
Ontwikkelingskoördineerder van die
Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere,
KwaZulu-Natal. Vir meer inligting, stuur 'n
e-pos na graeme@grainsa.co.za.**

Thulani Mbele het deeltyds begin boer gedurende die 1980's, toe hy in vennootskap met sy pa was wat 'n klein skaal boer in die kommunale gebied was. Gedurende die tyd het hy gewerk vir Eskom. Thulani het een trekker gekoop en sy pa het ook een trekker en ander implemente gehad. Nadat hulle hul eie lande geplant het, het hulle die implemente aan ander boere in nood gekontrakteer. Dit is waar sy liefde vir boerdery begin het.

Hy het Eskom daarna verlaat en verhuis na QwaQwa in die Vrystaat. Hy was gelukkig genoeg om 'n 249 ha plaas van die vorige QwaQwa regering te huur. Dit was 'n deurbraak, omdat dit hom gehelp het om te groei en 'n lewe uit boerdery te maak. Hulle het geboer met skape, beeste en ongeveer 30 melkkoeie om kontantvloei te genereer. Hulle het ook mielies, droëbone en koring aangeplant in 'n wisselboustelsel op 100 ha bewerkbare grond.

Hy het opleiding en hulp op baie aspekte van boerdery ontvang. Daar was ook 'n kredietfasilitet vir insette en dit was baie bruikbaar. Thulani se pa is toe oorlede en hy was op sy eie. Die geleenthed om grond deur die Land Bank te koop, het hom voorgedoen en die plaas is huidiglik betaal en behoort aan die familie.